

PREEK 22 Julie 2018

TEKS: ROM 10: 14-15 “Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie? Daar staan ook geskrywe: “Hoe wonderlik klink die voetstappe van dié wat die goeie boodskap bring.”

TEMA: Hoe groei die Kerk?

Navorsing en die praktyk-ervaring dui oteenseglik dat die NGK se getalle daal. En dit is klaarblyklik 'n tendens waarmee die meeste kerke gekonfronteer word. Dit beteken nie noodwendig dat minder mense in Christus glo nie. Die tendens en dit word ook deur navorsing en die praktyk bevestig, is dat gelowiges se geloofslewe meer “geprivatiseer” word en dat hulle al minder aan die instituut verbonde raak. Dit is in skrilte kontras met die verhaal wat Lukas in Handeling van die vroeë kerk vertel. Daar lees ons:

“en die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg” (Hand 2:47)

“...het baie van die mense wat hulle (=apostels) prediking gehoor het, gelowig geword; en die getal gelowiges het aangegroei tot omtrent 5 000” (Hand 4:4)

“Die woord van die Here het verder versprei, en die getal gelowiges in Jerusalem het geweldig toegeneem. Selfs 'n groot aantal priesters het gelowig geword” (Hand 6:7)

“...die kerk is deur die Heilige Gees versterk en die ledetal het toegeneem” (Hand 9:31)

“Die Here het die gelowiges gehelp, sodat daar baie mense tot geloof gekom en hulle tot die Here bekeer het”(Hand 11:21)

“...die woord van die Here het verder versprei en veld gewen” (Hand 12:24).

“Toe die heidene dit (=Goeie Nuus) hoor, was hulle baie bly oor die woord van die Here en het hulle dit toegejuig. Almal wat vir die ewige lewe bestem was, het gelowig geword. Die woord van die Here het dwarsdeur die hele streek versprei” (Hand 13: 48-49).

“ By hulle (=Paulus/Barnabas) aankoms het hulle die gemeente bymekaar geroep en vir hulle vertel wat God alles deur hulle gedoen het en dat Hy vir die heidene die deur van die geloof oopgemaak het” (Hand 14:27)

In Rom 9:11 fokus Paulus onder andere op die vraag waarom die groei van die kerk meer onder die heidene as onder die Jode, die verbondsvolk van die Ou Testament, plaasgevind het. In Rom 10 verduidelik hy waarom dit die geval was.

In Rom 10:14-15 vind ons, 'n mooi verduideliking van God se verlossingsplan en hoe dit prakties werk.

ROM 10: 14-15 “Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie? Daar staan ook geskrywe: “Hoe wonderlik klink die voetstappe van dié wat die goeie boodskap bring.”

Wat hoor ons?

God **stuur** mense om te **preek**/getuig. Die wat die prediking **hoor, kom tot geloof en roep die Here aan.** Dit is presies wat in Handeling gebeur het. En Paulus verduidelik waarop dit gebeur so: “Die **geloof** kom dus deur die **prediking** wat ‘n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die **verkondiging van Christus.**” (Rom 10:17)

Maar Paulus wil te wete kom waarom gemeentegroei meer onder die heidene as onder die Joodse volk plaasgevind het. Hy vra vrae soos:

1. “Het die Israeliete dan nie die prediking gehoor nie?”

Op die vraag antwoord hy bevestigend. Hulle het dit beslis gehoor (vs 18b)

2. “Het Israel dit dan nie verstaan nie?”

Ook op die vraag antwoord hy bevestigend. Inderdaad het hulle oor omvattende kennis beskik (vs 19).

Waarom het meer heidene as Jode dan tot geloof gekom? Paulus noem twee redes

1. Hoewel hulle vol ywer vir God was (=godsdiensdig), het hulle God se verlossingsplan (soos uitgespel in Rom 10: 4, 9, 13, 17) verwerp en hul eie kop gevolg.

“...hulle wil niks van God se manier van vryspraak weet nie; hulle probeer dit op hulle eie manier kry (Rom 10:3).

God se manier is Christus. Aan die kruis het Hy die straf wat ons verdien namens ons ontvang. God het sy offer aanvaar. Die bewys is dat God Hom toe die dood opgewek het. So het Hy die verhouding tussen God en ons as sondaars herstel. Wie sy/haar aandeel in Christus se kruisdood bely, ontvang vergifnis (1Joh 1: 8-9). God neem jou as sy kind aan en as kind van God is jy nou erfgenaam van alles wat Jesus in sy testament vir jou nagelaat het (Rom 8:17). Hiervoor werk jy nie. Jy verdien dit nie. Jy ontvang dit as geskenk van Bo. Geloof is die leë hande waarmee jy dit in ontvangs neem (Joh 1:12). Die Jode het geredeneer dat jy niks verniet kry nie. Jy werk daarvoor. Dan is redding jou verdienste. In Efes 2: 8-10 weerlê Paulus die dwaling.

2. In Rom 10: 16.21 verduidelik Paulus verder waarom die Jode nie almal aan die goeie boodskap gehoor gegee het nie.

“Dag vir dag het EK (=God) my hande uitgesteek na ‘n ongehoorsame en weerspannige volk”

Hier gaan dit om ‘n negatiewe gesindheid van die hart. God klop, maar hulle maak nie oop nie. God roep, maar hulle draai die kop weg. Hulle is horende doof en siende blind. Die evangelie is by hulle soos water op ‘n eend se rug.

Die kerk groei as God se verlossingsplan deur dié wat verlos (=gered) is, versprei word sodat meer mense daarvan te hore kan kom, dit aanvaar en dan ook verder versprei. Wanneer ons kerk getallegewys daal, is die vraag nou wat is my/jou aandeel? Is ons deel van die waarvan Paulus in Rom 10:15 sê: hoe wonderlik klink die voetstappe van dié wat die goeie boodskap bring” of is ons steeds deel van die groep wat voete sleep en by wie die goeie boodskap vashaak of volg ons soos die Jode ons eie kop?

AMEN